



Soldate vir Christus

NG Gemeente
Rietfontein-Suid

Die Wapenrusting van God
Efesiërs 6:10-20



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

Les 2 - Die Borsharnas van Geregtigheid (Vrypraak)

Elke week

Begin met 'n gebed waarin jy God eer dat Hy ons beskerm en vra om elkeen van jou kinders en ook dié wat hulle van God moet leer, parate soldate te maak en volledig sal toerus met Sy Wapenrusting.

Maak dit pret!

Speel "Telefoontjie".

Fluister 'n woord in 'n kind se oor. Hy fluister dit in die volgende een se oor. Dit mag net een keer aangestuur word, so niemand mag dit herhaal nie en hulle moet mooi luister. As dit by die laaste kind uitkom, word dit hardop gesê. Bv. "Borsharnas" - dit kom gewoonlik heel verkeerd by die laaste ou uit!

Inleiding

Gesels nou met jou kinders oor wat tydens die speletjie gebeur het.

- Die woord is net een keer van kind tot kind aangestuur, maar het heeltemal verkeerd uitgekom
- Hoekom gebeur dit?

Net soos wat een woord verdraai is, so gebruik die bese (duiwel) verdraaide waarhede om ons in die versoeking te bring of aan God te laat twyfel.

Storie

Wie van julle weet wat Moses se broer se naam was? Aäron! Nou hierdie storie kom uit Eksodus 32 en gaan oor Aäron. Hy is deur God aangestel om die Israeliete se Hoëpriester te wees en namens hulle met God te praat en offers te bring om vergifnis van sonde te vra. Onthou, dit was lank voordat Jesus aarde toe gekom het.

Terwyl Moses op die berg Sinai was om die plat klippe met die tien gebooe by God te kry, het die Israeliete ongeduldig geraak. Hulle het gedink Moses gaan nooit weer terugkom nie!

Toe gaan kla hulle by Aäron oor alles! Onthou, dit was 'n groot klomp mense en hulle het sekerlik oor die warm lug van die woestyn gekla, oor hulle net manna gekry het om te eet, oor dit snags koud was, oor die water min was en sommer oor Moses so lank op die berg gebly het ook!

Aäron se ore het seker gepyn van al die klagtes! Om hulle stil te kry en omdat hulle hom oortuig het dat Moses nie gaan terugkom nie, laat hy hulle toe al

Dele van God se
Wapenrusting

Gordel van
Waarheid

Borsharnas of
Borsplaat -
Vrypraak van God

Skoene van
Bereidheid om die
evangelie van vrede
te verkondig (Bereid
wees om te vertel)

Skild van Geloof

Helm van
Verlossing

Swaard van die Gees
van God - die Woord
van God

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!



Soldate vir Christus

NG Gemeente
Rietfontein-Suid

Die Wapenrusting van God
Efesiërs 6:10-20

...vervolg van vorige bladsy...

hulle juwele bring en maak 'n goue kalfbeeld wat hulle toe aanbid!
God het gesien wat hulle gedoen het en vir Moses afgestuur na hulle toe. Hulle moes mos weet dat daar net een God is en dat hulle nie ander afgode mag aanbid het nie. Moses was so kwaad dat hy die kliptafels stukkend gegooi het!
Aäron moes eintlik die mense reggehelp het en hulle gelei het. Maar hy het toegelaat dat hulle stories en klagtes hom laat twyfel het. Hy het sy hart dus blootgestel aan die verkeerde invloed van die mense (en eintlik dus aan die pyle van die bose) en dit het hom die verkeerde besluite laat neem.
Lees Spreuke 4:23 - Sien jy dat God baie lief is vir jou en dat jou hart vir Hom kosbaar is? Trek dus jou borsplaat aan en beskerm jou hart, want jy is 'n vrygespreekte kind van God! Hy het spesiaal Sy Seun gestuur om jou sonder rekening te betaal, sodat jy vrygespreek kan wees!

Die Borsharnas / Borsplaat van Geregtheid / Vrypraak van God

Satan dink allerhande planne uit om ons te laat twyfel daarin dat God vir ons lief is en ons klaar deur Jesus se kruisdood vrygespreek het. Satan is 'n bobaas leuenaar en sal die waarheid so 'n klein bietjie verdraai, sodat dit mooi klink, maar dat dit jou in die verkeerde goed laat glo.

Net soos 'n soldaat in die Bybel se tyd 'n harnas van koperplaat gedra het om sy hart en ingewande te beskerm, moet ons God se borsharnas van geregtheid aantrek om ons teen die duiwel se pyle te beskerm.

God het ons vrygespreek - ons hoef nie vir Hom bang te wees nie. Jesus het klaar vir ons sondes betaal en ons kan dus met God gesels asof Hy hier by ons is. Natuurlik moet ons gedurig bid om teen die bose beskerm te word en dat God ons die onderskeidingsvermoë sal gee om te weet wat reg is en wat verkeerd is.

Praktiese toepassing

Vir die Kleuters tot Graad 4

Gee vir elke kind 'n papierpop en laat hulle die pop inkleur of versier.

Elke week trek hulle die pop dan aan met die spesifieke deel van die wapenrusting wat behandel is

Graad 5 tot 7

Speel **Swaard in die Skede** en verduidelik dat 'n soldaat nie sy wapen kan gebruik as hy nog nooit daarmee gewerk het nie.

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

Swaard in die Skede

- Almal hou hul Bybels (swaarde) toe bokant hul koppe ("Swaard in die skede")
- Jy noem 'n versie wat hulle moet opsoek, maar hulle mag nie begin voordat jy die teken gee nie. Noem die versie twee keer stadig en moenie dit weer herhaal nie.
- Teken: "Swaarde uit!"
- Die een wat dit eerste kry, mag die versie lees terwyl al die ander luister
- Voordat hy/sy lees, help al die ander om ook die versie te kry

Sluit af met gebed - gefokus op die week se tema